V Die Versekering: Ek het jou Verlos (Arh 16 Mei 1961)

Jes. 43:1-8, 22-28.

Jes. 43:1 - Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; Jy is Myne!

Hoe weet ek dat God vir my iets kan doen? Hoe weet ek dat Hy my wil help? Vrymaak? Verlos van my skuld & swakheid en onbekeerlikheid? Ek glo God kan help: maar hoe weet ek Hy wil help?

En al sou Hy wil help, is dit nie so dat Hy sulke voorwaardes stel wat ek eenvoudig nie kan nakom nie? Te hoog, te moeilik? Wat is die ware feite?

I Die Afgehandelde Taak: „Ek het jou verlos"

Dis die groot verskil tussen die X/dom en alle ander godsde: ander godsde sê wat d. mens moet doen om sy god te probeer behaag: offerande, boetedoening, goeie werke,

Die Xt. godsd. sê wat God gedaan het om d. mens te red: instede van wat alles verkeerd is: ① Jesus Xt. se plaasverv. lye en sterwe. Die oomblik toe Hy uitgeroep het: „Dit is volbring" het Xt. nie altyd ons sondes voor God uitgewis. Dis 'n afgehandelde saak. God eis niks meer nie — die skuld is betaal.

Dan kan God nou sê: „Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel"